# **‘n Verbondsgod, deel 1 (04-05-2025)**

Die Almagtige maak ‘n verbond met Noag en met al die mense wat uit hulle voort sou kom en volgens hierdie verbond sal Hy nooit weer die aarde met water vernietig nie.

1. Hierdie verbond *(Sondvloed-Verbond)* kom van God en is sy inisiatief en is nie van menslike insette afhanklik om dit geldig te hou nie.
2. Hierdie verbond is ‘n ewige verbond en het nie ‘n vervaldatum nie.
3. Omdat God met ons hierdie verbond gemaak het, glo ons dat dit nie weer sal gebeur nie, omdat ons Hom vertrou en glo dat Hy nie ‘n leuenaar is nie.
4. Die teken van die verbond is die reënboog.

Die Almagtige maak weer ‘n verbond, maar hierdie keer nie met alle mense van die aarde nie, maar met Abraham. Abraham leef na Noag rondom die tyd van die toring van Babel. Hy maak nie net met Abraham ‘n verbond nie, maar Hy bevestig dit met ‘n eed.

1. Hierdie verbond is apart van die eerste verbond wat God met Noag gemaak het en het geen verbintenis met dit nie.
2. Volgens hierdie verbond wat God met Abraham maak, kies God hom uit om vir hom ‘n God te wees en hy en sy nageslag sal vir God ‘n volk wees.
3. Net soos die verbond met Noag, is dit ‘n ewige verbond en het nie ‘n vervaldatum nie.

4. Net soos die verbond met Noag, is die verbond God se inisiatief en niemand hoef iets te doen om hierdie verbond geldig te maak, of in stand te hou nie.
5. Saam met die verhouding wat voortspruit uit die verbond, maak God ook beloftes aan Abraham, bv. hy sal ‘n groot nageslag hê en hy en sy nageslag sal die land Kanaän beërwe as hulle land, tot in ewigheid.
6. Die teken tussen hulle vir die verbond is die besnydenis van manlike babas.

***Génesis** 17:7-8 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n **ewige verbond**, om **vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou.** (8) En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou **die land** van jou vreemdelingskap **gee,** die **hele land Kanaän**, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees.*

Van die dag af dat God hierdie verbond met Abraham gemaak het, was Hy Abraham se God. Later het hy ‘n seun (Isak) gehad en toe was Vader ook Isak se God. Isak het ‘n seun gehad, Jakob, en YHWH was toe die God van Jakob. Jakob het twaalf seuns gehad en YHWH was toe die God van die twaalf seuns, en toe díe se seuns en so in hulle geslagte totdat die ewige verbond eindig.

Al hierdie kinders is die nageslag van Jakob, wie se naam verander was na Israel, en so staan al die nakomelinge van Israel bekend as “Israeliete”.

Hierdie Israeliete is uniek deurdat hulle uit al die geslagte op die aarde met die Almagtige ‘n verbond het. Hierdie is nie sommer net ‘n verbond nie, maar met hierdie verbond verbind God Homself vir ewig in ‘n verhouding met hierdie geslag. Die ontnugterende deel is dat Hy nog nooit weer met enige ander persoon so ‘n verbond gemaak het nie.

Wanneer die nageslag van Jakob hulle in Egipte as slawe bevind, roep hulle om hulp. Dit is nou reeds vier honderd jaar later en hulle roep na die God van hulle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, en Hy hoor hulle geroep omdat Hy met hulle ‘n verbond het. Geen ander nasie kan na húlle God om hulp roep nie, want Hy het met geen ander nasie ‘n verbond gemaak waarin Hy verklaar dat Hy hulle God is nie.

Die Egiptenare kon, as voorbeeld, Hom nie aanroep vir hulp tydens die tien plae nie, want die plae het juis van Hom af gekom, teen hulle, vir die Israeliete. Hy was nie die Egiptenare se God nie, maar Hy was hulle Vyand. Dit lyk onregverdig, maar dit is die verbond wat God gemaak het. Die Israeliete was nie beter mense as die Egiptenare nie, en die Egiptenare het ook nie oordadig sonde gedoen nie, maar God het ‘n verbond met die Israeliete gehad en toe hulle Hom aanroep, het Hy hulle uitgered.

***Romeine*** *9:14-21  Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie!  (15)  Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.  (16)  So hang dit dan nie af van die een*

*wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. (17) Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. (18) So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. (19) Jy sal dan vir my sê: Waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy wil weerstaan? (20) Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? (21) Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?*

***Jesaja** 43:3-4 Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek. (4) Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe.*

Toe hulle uit Egipte verlos word deur hulle God, kom hulle by die berg Sinai en daar bevestig God sy verbond aan hierdie massiewe volk wat ontstaan het uit die lendene van een man. By die berg Sinai gee hy ook aan hulle 'n wet waarvolgens hulle moet lewe, sodat hulle bewaar kan word van die bose sondige werke wat vir die Israeliete natuurlik kom. 'n Baie belangrike gebeurtenis is, is dat Hy ook die rede gee vir hierdie oënskynlike onregverdige optrede deur een volk te verlos, ten koste van 'n ander.

***Deuteronómium** 7:6-8 Want **jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God**; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendoms volk te wees. (7) Die HERE het 'n*

*welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. (8) Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.*

God se verbond met Israel maak sy optrede altyd eensydig ten gunste van Israel. Hy het hulle lief en sal ander nasies vernietig ter wille van die Israeliete, omdat Hy nie die ander nasies liefhet nie.

***Deuteronómium** 7:1-2 As die HERE jou God jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, sewe nasies, meer en magtiger as jy; (2) en die HERE jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie.*

Wanneer die Israeliete ongehoorsaam aan God is, en ander gode dien ,sal Hy hulle tug, maar sy verbond met hulle sal Hy nooit verbreek nie, want dit is 'n ewige verbond wat nie van hulle optrede afhang nie.

***Jeremia** 31:35-37 So sê die HERE wat die son gee tot 'n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, HERE van die leërskare is sy Naam: (36) As hierdie verordeninge voor*

*my aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om ‘n volk te wees voor my aangesig vir altyd. (37) So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp* ***weens*** *alles wat hulle gedoen het, spreek die HERE.*

Dawid was van hierdie eensydige liefdesverbond bewus en het die beginsels van God se ooreenkoms geken toe hy die reus, Goliat, tegemoet geloop het op die oorlogsveld. Dawid was totaal bewus daarvan dat God hom sal help ten koste van die reus, omdat die reus ‘n onbesnede Fillistyn is. Sy onbesnede toestand was ‘n aanduiding daarvan dat hy geen verbond met die Almagtige het nie en Dawid het in ‘n verbond met God gestaan.

***1 Sameul*** *17:10 Verder sê die Filistyn: Ek daag die slagordes van Israel vandag uit! Gee my ‘n man, dat ons saam kan veg. 1Sa 17:32-33 En Dawid het aan Saul gesê: Laat die manne se moed tog nie ter wille van hom sink nie. U dienaar sal gaan en teen hierdie Filistyn veg. (33) Maar Saul het Dawid geantwoord: Jy kan nie na hierdie Filistyn gaan om teen hom te veg nie, want jy is ‘n seun, en hy is ‘n krygsman van sy jeug af. 1Sa 17:40-49 Daarop neem hy sy staf in sy hand en soek vir hom uit die spruit vyf gladde klippe uit en steek dit in sy herderstas wat hy gehad het, naamlik in die slingersak; en met sy slinger in sy hand het hy nader gekom na die Filistyn. (41) Ook die Filistyn het al nader en nader gekom na Dawid, en die skilddraer voor hom uit. (42) Toe die Filistyn opkyk en Dawid sien, het hy hom verag, omdat hy ‘n seun was—rooierig, met ‘n mooi voorkoms. (43) En die Filistyn vra vir Dawid:*

*Is ek 'n hond dat jy met stokke na my toe kom? En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode. (44) Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee. (45) Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. (46) Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het. (47) Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die HERE nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee. (48) Toe die Filistyn hom dan klaarmaak en aldeur nader kom om Dawid te ontmoet, loop Dawid gou na die vegterrein om die Filistyn te ontmoet; (49) en Dawid steek sy hand in die tas en neem 'n klip daaruit en slinger, en hy tref die Filistyn in sy voorhoof, sodat die klip in sy voorhoof indring en hy op sy gesig teen die grond val.*

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE